

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT
GRAAD		12
DATUM		MEI/JUNIE 2026
VAK		GESKIEDENIS
VRAESTEL		1
PUNTETOTAAL		150
TYDSDUUR (UUR)		3
AANTAL BLADSYE		14
ADDENDUM		



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



AFDELING A

VRAAG 1: HOE HET DIE VERDELING VAN BERLYN DIE SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE VERSKERP NÁ DIE TWEDE WÊRELDOORLOG?

BRON 1A

Die bron hieronder is 'n uittreksel geneem uit 'n artikel: 'How Germany was divided after World War II', saamgestel deur Dave Roos in April 2022. Dit is uitgesaai deur A&T Television Networks en verduidelik die rede waarom Duitsland verdeel is ná die Tweede Wêreldoorlog.

Maande voor Duitsland se onvoorwaardelike oorgawe in die Tweede Wêreldoorlog, het die 'Groot Drie', Geallieerde Magte – die Verenigde State, Groot Brittanje en die Sowjetunie – by die Jalta Konferensie vergader om Duitsland se toekoms te bespreek. Hulle wou almal 'n herhaling vermy van wat gebeur het ná die Eerste Wêreldoorlog, toe 'n ná-oorlogse ekonomiese ineenstorting in Duitsland 'n nasionalistiese wrok aangevuur het en die opkoms van die Nazi-party tot gevolg gehad het.

Die situasie in Duitsland ná die Tweede Wêreldoorlog was haglik. Miljoene Duitsers was dakloos gelaat weens die geallieerde bomaanvalle wat algehele stede verwoes het. En miljoene meer Duitsers wat in Pole en Oos-Pruise gewoon het, het vlugteling geword toe die Sowjetunie hulle verdryf het. Met die Duitse ekonomie en die regering in puin, het die Geallieerdes tot die gevolgtrekking gekom dat Duitsland ná die oorlog beset moes word om 'n vreedsame oorgang na 'n post-Nazi-staat te verseker.

Wat die Geallieerdes egter nooit beoog het nie, was dat hul tydelike oplossing om Duitsland in vier besettingsones te organiseer, elk deur 'n ander geallieerde leer geadministreer, uiteindelik tot 'n verdeelde Duitsland sou lei.

“Eers met verloop van tyd, toe die Koue Oorlog vertroue tussen die Sowjetunie en die Westerse Geallieerdes ondermyn is, het hierdie besettingsones saamgesmelt (verminder) in twee verskillende Duitse nasies”.

In Julie 1945 het die 'Groot Drie' weer by die Potsdam Konferensie vergader. By Jalta het die Geallieerdes ingestem tot 'n breë raamwerk wat die demilitarisering, demokratisering en denazifisering van Duitsland insluit. Met die oorlog amptelik verby, was dit tyd om 'n 'moere en bote'-aksieplan vir die Geallieerde besetting in Duitsland te begin.

[Bron: <https://www.history.com/news/germany-divided-world-war-ii>. Verkry op 8 November 2024]



BRON 1B

Die onderstaande uittreksel kom uit 'n artikel: 'The Berlin Crisis, 1958–1961', gepubliseer in 1978 deur The Office of the Historian for the United States Government.

Op 10 November 1958 het die Sowjet Premier Nikita Khrushchev 'n toespraak gelewer waarin hy aangedring het dat die Westerse Magte van die Verenigde State, Groot Brittanje en Frankryk hulle magte binne ses maande uit Wes-Berlyn moet onttrek. Die ultimatum (finale eis) het 'n drie jaar lange krisis oor die toekoms van die stad Berlyn ontketen wat in 1961 'n hoogtepunt bereik het, met die bou van die Berlynse Muur. Duitsland en sy hoofstad Berlyn is verdeel onder die vier oorwinnaars van die Tweede Wêreldoorlog ondanks die ná-oorlogse ooreenkomste om die sones te verenig.


Wes-Berlyn het onder Westerse beheer gebly. Maar dit was diep binne Oos-Duitse gebied geleë, en dit het die beskerming daarvan teen kommunistiese oorname 'n voortdurende uitdaging vir die Westerse moondhede in 1948 gemaak. Die Sowjetunie het 'n krisis in die stad veroorsaak deur grondtoegang tussen Wes-Duitsland en Wes-Berlyn af te sny, wat 'n jaar lange lugbrug van voorrade aan die gestrande burgers genoodsaak het voordat die Sowjetunie die grondtoegang oopgemaak het. Teen 1958 sou 'n soortgelyke situasie die stad egter gedoem het, dit was reeds te bevolk (met 'n groot bevolking) en te welvarend om per lug voorsien te word. Die Verenigde State het die ekonomiese sukses en politieke vryheid van Wes-Berlyn aangekondig as 'n simbool van die sukses van die kapitalistiese stelsel, en hulle was toegewyd aan die veiligheid daarvan, so 'n Sowjet-besluit om grondtoegang weer af te sny, het die potensiaal gehad om tot 'n ernstiger konflik tussen die twee moondhede te lei. Terselfdertyd het die bestaan van Wes-Berlyn toenemend 'n las vir die Sowjetunie en die Oos-Duitse regering geword. Die verdeelde stad het die skerp kontras tussen die kommunistiese en die kapitalistiese stelsels beklemtoon.

[Bron: <http://history.state.gov.berlin-crisis>. Verkry op 2 November 2024]



BRON 1C

Die onderstaande bron is 'n kaart van Duitsland getitel: 'The Yalta Conference: Outcome'. Dit wys hoe Duitsland en Berlyn verdeel was tussen die Geallieerde Magte ná die Tweede Wêreldoorlog in 1945, gepubliseer op 4 Februarie 2020.



[Bron: [bbc.co.uk](https://www.bbc.co.uk). Verkry op 12 November 2024]



BRON 1D

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n artikel deur Donald P. Steury, 'n Sentrale Intelligensiediens (CIA-) agent, getiteld 'Bitter Measure: Intelligence and Action in the Berlin Crisis, 1961', gepubliseer in 2011. Die artikel is sy persoonlike standpunt van die gebeure soos dit ontvou het tussen 1958 en 1961, betreffende die Berlynse Krisis.

Net ná middernag op die oggend van 13 Augustus 1961 het Oos-Duitse soldate met vragmotors by talle plekke in die middel van Berlyn aangekom. Hulle het vinnig gewerk, rolle doringdraad uitgehaal en binne 'n paar uur 'n versperring dwarsdeur die middel van die stad opgerig. Wagte is elke paar tree geplaas waar nodig, en binne 'n kwessie van ure is Berlyn in twee verdeel. Die Berlynse Muur het tot stand gekom.

Terugskouend is dit moontlik om dit as die keerpunt in die Koue Oorlog te sien. Geen nasie, geen stelsel, wat slegs kan oorleef deur sy burgers in te perk met 'n muur, kan moontlik hoop om geloofwaardigheid of volhoubaarheid te bereik nie. Die bou van die Berlynse Muur het verseker dat die Duitse Demokratiese Republiek net so lank sou voortbestaan as wat die muur bly staan het. Die oprigting daarvan was 'n erkenning van nederlaag deur die kommunistiese leierskap. Sodra dit gebou is, was dit bestem om vroeër of later afgebreek te word.

Dit het destyds egter nie toe so gelyk nie. Die Berlynse Muur is gebou tydens 'n tydperk van stygende spanning tussen die VSA en die USSR. Dit was die hoogtepunt van byna drie jaar van krisis, wat in November 1958 begin het toe die Sowjet-premier, Nikita Khrushchev, gedreig het om 'n afsonderlike vredesverdrag met kommunistiese Oos-Duitsland te onderteken en daarmee 'n einde te maak aan die viermagbewind in die stad. Uiteindelik is geen sodanige verdrag onderteken nie, en Khrushchev het sy toon in 1959 versag, hy het selfs tyd geneem om 'n triomfantelike toer deur die Verenigde State aan te pak, weg van die Koue Oorlog. Maar in Mei 1960 het hy uit die Paryse beraad gestap ná die neerskiet van Francis Gary Powers* se U-2, en later daardie jaar het hy 'n stormagtige verskyning by die Verenigde Nasies gemaak, wat sy beroemde skoenklop-episode opgelewer het. Die suggestie van 'n vredesverdrag is weer opgeroep, en Sowjet-Amerikaanse spanning het toegeneem selfs terwyl Khrushchev hom voorberei het om die pasverkose president, John Fitzgerald Kennedy, die hoof te bied.

[Bron: *Bitter Measure: Intelligence and Action in the Berlin Crisis, 1961*, deur Donald P. Steury.
Verkry op 12 November 2024]

*Gary Powers U2 voorval - Gary Powers was 'n Amerikaanse vlieënier wat neergeskiet is terwyl hy oor die Sowjetunie spioeneer het. Hy het dit oorleef en is gevang en tot 10 jaar in 'n Sowjetgevangenis gevonnissen. Hy het net 21 maande uitgedien en is vrygelaat in 'n gevangenesuitruil.



VRAAG 2: HET DIE SUID-AFRIKAANSE BETROKKENHEID IN DIE ANGOLESE OORLOG DIE MPLA VERHOED OM 'N KOMMUNISTIESE REGERING IN ANGOLA TE VESTIG NÁ DIE ONAFHANKLIKHEID VAN PORTUGAL IN 1975?

BRON 2A

Hierdie bron is 'n uittreksel van 'n artikel: 'The South Africa Angola Talks' gepubliseer deur Christopher Saunders en saamgestel in Januarie 2011. Dit is saamgestel vir die Departement van Historiese Studies, Universiteit van Kaapstad.

Die betrekkinge tussen Suid-Afrika en Angola het dramaties verander as gevolg van die Lissabon-staatsgreep van laat April 1974, want hoewel die Portugese tot 11 November 1975 uitsluitlik in beheer van Angola gebly het, is die land gou deur 'n burgeroorlog en eksterne ingryping verskeur. Die Suid-Afrikaanse regering het nie meer 'n vriendelike buurman daar gehad nie en is nou gekonfronteer met die vooruitsig van 'n vyandige regering in Luanda sodra die land onafhanklik sou word – 'n regering wat hulp en steun aan SWAPO sou verleen en basisse sou voorsien waar MK-kaders (klein groep mense wat opgelei is vir 'n sekere doel) opgelei kon word voordat hulle sou terugkeer om in Suid-Afrika te veg.

Op 11 November 1975 het die MPLA in Luanda homself as die regering van 'n onafhanklike Angola verklaar. Die VSA het nie net misluk om te verhoed dat wat dit as 'n marionet van die Sowjetunie beskou het aan bewind kom nie, maar die groot Kubaanse militêre mag wat nou in Angola gestasioneer was, is deur sowel die VSA as die Suid-Afrikaners gesien as werkend onder bevel van Moskou en as 'n agent van Sowjet-ekspansionisme (besetting van ander lande).

Vir die Suid-Afrikaanse regering het die aankoms van die Kubane, meer as die aanvang van die MPLA-bewind, 'n groot nuwe bedreiging beteken wat in 'n land in die streek ontwikkel het waar dit homself as hegemonies (oorheersend) beskou het. Daar is in sowel Pretoria as Washington gevrees dat die Kubane elders in die streek sou ingryp. Politici en burokrate in Pretoria, sterk beïnvloed deur regsgeoriënteerdes in die VSA-administrasie, het Moskou se doel gesien as die oornam van die hele Suider-Afrika. In so 'n konteks was daar geen sprake daarvan dat óf die VSA óf Suid-Afrika diplomatieke betrekkinge met die pas-onafhanklike Angola sou aanknoop nie, en die Suid-Afrikaners het aktiewe steun aan Jonas Savimbi se rebelle, UNITA, voortgesit.

Die SAW het nie die terugslag vergeet wat dit in Angola in laat 1975 en vroeg 1976 gely het nie, en het vanaf 1978 voortdurend strooptogte in suidelike Angola uitgevoer, terwyl Suid-Afrikaanse magte sedert 1971 ... 'n strook grond langs Angola se suidelike grens beset het.

[Bron: scielo.org.za. Verkry op 7 November 2024]



BRON 2B

Die bron hieronder is van 'n artikel getitel: '*South African Intervention in the Angolan Civil War, 1975–1976: Motivations and Implications*' deur Nerys John en gepubliseer in 2002. Dit verduidelik die redes vir Suid-Afrika se toetrede in die Angolese burgeroorlog.

Op 8 Augustus 1975 het die *Windhoek Advertiser* berig oor botsings tussen die MPLA en UNITA by Ruacana en die intimidasie van werkers op die skema. Die volgende dag het 'n Suid-Afrikaanse infanteriebataljon, ondersteun deur twee gepantserde voertuie, die grens oorgesteek en in die rigting van Calueque beweeg. Hulle het beoog om 'onderhandelings te voer om te verseker dat orde herstel word', maar in plaas daarvan is daar op hulle geskiet. Hulle het teruggeskiet en in die proses Calueque beset.

Die teenwoordigheid van Suid-Afrikaanse troepe by die besetting van die Calueque-dam is eers op 11 Augustus 1975 in die linkse Lissabonse dagblad *Diario de Noticias* gerapporteer. Die *Economist* het gesuggereer dat Suid-Afrika die burgeroorlog moontlik sou gebruik om die land te balkaniseer (verdeel): 'n 'Katanga-tipe' oplossing waar Angola tussen die drie mededingende bevrydingsbewegings verdeel sou word. Die nuus is nie in Suid-Afrika berig nie.

Op 11 Augustus het Botha, die Minister van Verdediging, verslaggewing oor spekulasies rondom Suid-Afrikaanse militêre bewegings en aktiwiteite op die Suidwes-Afrika / Angola-grens of by enige grensposte, veral by Ruacana, verbied.

Botha het later beweer dat Suid-Afrikaanse troepe na die gebied gestuur is met die voorafkennis en goedkeuring van die Portugese regering. Dit was egter byna 'n maand voordat die Portugese Ministerie van Buitelandse Sake kommentaar gelewer het oor die Suid-Afrikaanse optrede in 'n kennisgewing wat op 5 September 1975 in die Lissabon-pers verskyn het.

[Bron: <https://open.uct.ac.za/>. Verkry op 8 November 2024]



BRON 2C

Hieronder is 'n foto geneem op 1 Julie 1976 by Silva Porto en wys UNITA soldate wat 'n ogie hou oor drie Kubaanse huursoldate. Die Kubane het geveg vir die Sowjet-ondersteunde MPLA en is tussen September en November gevangene geneem. Die gevangenes is geïdentifiseer as, soldaat Joe Durudi, 21; Lt. Selso Caldez, 22, en Dusentes Rodriguez Garcia, 18.



[Bron: [gettyimages.com](https://www.gettyimages.com). Verkry op 8 November 2024]



BRON 2D

Hierdie bron is 'n uittreksel van 'n onderhoud gevoer deur Clarence Rhodes van UPITN-TV (United Press International Television News) op 13 Februarie 1976 met die voormalige Suid-Afrikaanse Eerste Minister, BJ Vorster. Rhodes het Vorster ondervra oor die Suid-Afrikaanse Weermag se betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog.

Rhodes: Wanneer u sê dat Suid-Afrika nie betrokke was by die burgeroorlog in Angola wat swaar Kubaanse steun geniet het nie – wil u dit graag verder verduidelik, Meneer?

Eerste Minister Vorster: ... Suid-Afrika se betrokkenheid by Angola het, soos ek probeer het om aan u te verduidelik, ontstaan omdat hulle (die Kubane) die Calueque-damterrein beset het ... hierdie dam het geen voordeel vir Suid-Afrika hoegenaamd nie; die dam verskaf water aan die Ovambo-mense ... Ek wil dit baie duidelik stel dat Suid-Afrika se betrokkenheid die gevolg was van Russiese en Kubaanse ingryping, en nie die oorsaak van Russiese en Kubaanse ingryping nie – dit is ook deur Kissinger en sy Adjunk-minister van Buitelandse Sake duidelik gestel.

Rhodes: President Kaunda van Zambië het die Sowjet- en Kubaanse ingryping in Angola beskryf. Ek dink die aanhaling is: 'n plunderende tier en sy dodelike welpie'. ... Sou u sê dat dit dan 'n groter bedreiging inhou as die ontstaan van nóg 'n onafhanklike swart Afrikaland aan Suid-Afrika se grense?

Eerste Minister Vorster: Ja, want hier het jy nie 'n onafhanklike swart Afrikaland wat aan die ontstaan is op Suid-Afrika se grense nie. Jy het 'n Kubaanse mag van duisende – tans geskat op tussen 10 en 13 duisend – wat deelneem aan 'n burgeroorlog in Suider-Afrika, en as dit die einde daarvan was, kon 'n mens jou skouers opgetrek het en gesê het: goed, hulle gaan môre terug. Maar om die kommuniste te ken, om die Kubane te ken, is daar niemand wat jou op hierdie stadium kan sê dat hulle huis toe gaan sodra hulle die MPLA aan bewind gesit het nie. Ek dink dit moet aanvaar word dat hulle hier is om te bly.

Want maak geen fout daaroor nie ... wêreldoorheersing was nog altyd, en is tot op hierdie dag steeds, die doel van die kommuniste.

[Bron: <http://www.sahistory.org.za/archive/interview-south-african-prime-minister-mr-bj-vorster-mr-clarence-rhodes-upitn-tv-13-february>. Verkry op 9 Julie 2024]



VRAAG 3: HOE HET DIE SELMA-MONTGOMERY-OPTOGTE DIE ONTNEMING VAN STEMREG VAN AFRO-AMERIKANERS GEDURENDE DIE BURGER-REGTEBEWEGING VAN DIE 1960's IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA UITGEDAAG?

BRON 3A

Die onderstaande uittreksel is geneem uit 'n artikel: 'Selma Movement Established: 1963–1964', geredigeer deur Randy Kryn vir Wikipedia en gepubliseer op 10 Desember 2014. Dit verduidelik die redes agter die stigting van die Selma-beweging.

Teen die draai van die 20ste eeu het die Alabama-staatswetgewer 'n nuwe grondwet aanvaar wat effektief die meeste swartes en baie arm blankes van stemreg ontnem het deur die betaling van 'n stembelasting en die slaag van 'n geletterdheidstoets en begrip van die grondwet te eis. Die subjektiewe toepassing van hierdie wette het die meeste swartes feitlik heeltemal uit die politiek uitgesluit. Selma is 'n belangrike dorp en die setel van Dallas County, deel van die Alabama Black Belt met 'n meerderheid swart bevolking. In 1961 was 57% van Dallas County se bevolking swart, maar van die 15 000 swart mense wat oud genoeg was om te stem, was slegs 130 geregistreer (minder as 1%). In daardie tyd het meer as 80% van Dallas County se swart bevolking onder die armoedegrens geleef, die meeste as deelboere, plaasarbeiders, huiswerkers, skoonmakers en dagloners, maar daar was ook onderwysers en sake-eienaars. Met die geletterdheidstoets wat subjektief deur wit registrateurs toegepas is, is selfs opgeleide swartes verhinder om te registreer om te stem.

Onder leiding van die Boynton-familie (Amelia, Sam en seun Bruce), JL Chestnut en Marie Foster, het die Dallas County Voters League (DCVL) gedurende die laat 1950's en vroeë 1960's probeer om swart burgers te registreer. Hul pogings is geblokkeer deur staats- en plaaslike amptenare, die wit Burgerraad en die Ku Klux Klan. Teen 1960 het plaaslike amptenare en die Burgerraad taktieke gebruik soos beperkte registrasie-ure, ekonomiese druk – insluitend die bedreiging van mense se werk, om hulle af te dank, en om mense uit gehuurde huise te sit – asook ekonomiese boikotte van swart besighede, en geweld teen swartes wat probeer het om te registreer.

Die Society of Saint Edmund, 'n Katolieke orde wat daartoe verbind was om armoede te verlig en burgerregte te bevorder, was die enigste blankes in Selma wat die stemregveldtog openlik gesteun het. SNCC-personeelid Don Jelinek het later die orde beskryf as die ongekende helde van die Selma-optog ... wat die enigste geïntegreerde Katolieke Kerk in Selma voorsien het, en moontlik in die hele Diep Suide.

[Bron: <https://en.wikipedia.org>. Verkry op 12 November 2024]



BRON 3B

Die uittreksel hieronder is uit 'n artikel: 'Civil Rights' Bloody Sunday' in die *National Geographic*, Februarie 2000, deur C. Stone. Dit beklemtoon hoe die optogte van Selma na Montgomery uiteindelik veroorsaak het dat die Stemregwet van 1965 aanvaar is.

Vyf en dertig jaar gelede het burgerregte-aktiviste van Selma na Montgomery gemarsjeer in 'n protes wat gelei het tot die aanvaarding van die Stemregwet in 1965. Destyds was Selma 'n klein suidelike dorpie van 20 000 mense met gesegregeerde skole, behuising, werkseleenthede, teaters en swembaddens. Soos miljoene ander Afro-Amerikaners is dié in Selma die reg om te stem ontsê deur stembelasting, geletterdheidstoetse en ander intimidasietegnieke.

Die Voters League het 'n beroep op Martin Luther King jr. gedoen om sy charismatiese invloed by te voeg. In Januarie 1965 het King 'n reeks betogings in Alabama geloods. "Ons moet bereid wees om in die duisende tronk toe te gaan ... Ons is nie op ons knieë en smee vir die stem nie, ons eis die stem ..."

Op Sondag 7 Maart het honderde betogers, gelei deur John Lewis en Hosea Williams van die Southern Christian Leadership Conference (SCLC), 'n tog van 54 myl (86 kilometer) aangepak. By die Edmond Pettus-brug het hulle van aangesig tot aangesig gekom met die Alabama-staatspolisie wat deur goewerneur George Wallace gestuur is, saam met sheriff Jim Clark en sy posse (patrollie). Nadat hulle beveel is om uiteen te gaan, het die betogers vas bly staan.

... Clark se manne, sommige te perd, het aangeval. 'n Chaos van traanrook, géselhoue en knuppels het verskeie betogers bewusteloos gelaat ... Televisiebeelde van swaaiende knuppels het die sitkamers regoor die land binnegestroom. Amerikaners was geskok. Ironies genoeg het 'n vreedsame optog gewelddadig geëindig in 'Bloedige Sondag'.

... Momentum het begin bou vir nog 'n optog. Op Dinsdag 9 Maart het Martin Luther King Jr. 2 000 mense oor die Pettus-brug gelei. Weereens het staatspolisie die pad versper. King het die betogers laat omdraai, en niemand is beseer nie. Die volgende week het president Lyndon Johnson op televisie verskyn om wetgewing te vra wat beperkings sou verbied wat swartes van stemreg ontnem het.

... Vyf dae lank, van 21 tot 25 Maart, was die pad tussen Selma en Montgomery vol betogers. Gelei deur King het meer as 3 000 mense uit Selma vertrek. Aan die einde van die optog het die skare wat King lewendig op nasionale televisie toegesprek het vanaf die trappe van die hoofstad se Capitol-gebou, gegroei tot meer as 25 000. 'n Ander spreker was Rosa Parks, wie se weiering om haar sitplek op 'n Montgomery-bus op te gee, gehelp het om die moderne burgerregtebeweging aan die gang te sit. "Die optog was 'n keerpunt in die beweging," het John Lewis gesê. Daardie Augustus het die Kongres die Stemregwet aanvaar.

[Bron: *Civil Rights' Bloody Sunday*, C. Stone. *National Geographic*. Verkry op 12 November 2024]



BRON 3C

Die onderstaande bron is 'n uittreksel van John Lewis se getuienis by 'n verhoor wat gehou is as gevolg van die optog van Selma na Montgomery op 7 Maart 1965, om stemreg te ondersteun. Dit is geneem uit die *Eyewitness*, 'n Amerikaanse oorspronklike van die nasionale argiewe.

- Lewis:** ... 'n staatspolisielid het 'n aankondiging gemaak op 'n megafoon en gesê, "Hierdie optog sal nie voortgaan nie."
- Hall:** Wat het toe gebeur; het die lyn gestop?
- Lewis:** Teen daardie tyd het die lyn gestop.
- Hall:** Julle het stilgestaan.
- Lewis:** Ja, meneer.
- Hall:** Julle het glad nie vorentoe beweeg nie?
- Lewis:** Ons het net daar gestop.
- Hall:** Wat het toe gebeur?
- Lewis:** Hy het gesê, "Ek is Majoor Cloud en hierdie is 'n onwettige byeenkoms. Hierdie betoging sal nie voortgaan nie. Julle is deur die Goewerneur verban. Ek gaan julle beveel om uiteen te gaan".
- Hall:** Wat het jy toe gedoen?
- Lewis:** Mnr. Williams het gesê, "Mnr. Majoor, Ek wil graag met jou praat?" En hy het gesê, "Nee, ek gaan jou 10 minute gee om te lewe." En weer het mnr. Williams gesê, "Kan ek met jou praat?" Hy het gesê, "Jy sal nie met my praat nie". En omtrent 'n minuut daarna het Majoor Cloud die troepe beveel om vorentoe te beweeg en die troepe het stelling ingeneem, ek reken en hulle het vorentoe beweeg en die knuppels opgelig bokant hulle skouer, die bokant van hulle lywe en hulle het op ons afgestorm na ons en ons gestoot.
- Hall:** En is jy toe geslaan?
- Lewis:** Op daardie tydstip is ek geslaan en neergegooi.
- Hall:** Waar is jy getref?
- Lewis:** Ek is hier op my kop geslaan.

[Bron: <http://www.archives.gov>. *Eyewitness*. Verkry op 12 November 2024]



BRON 3D

Die bron is van 'n Afro-Amerikaner-optog buite die Withuis. Dit wys plakkate soos 'Ons dring aan op stemreg orals'; 'Negers is ook Amerikaners'; 'Stop brutaliteit in Alabama'. Hierdie plakkate betoog oor burgerregte in Selma, Alabama, Washington D.C., VSA. Warren K. Leffler, *US News & World Report Magazine Collection*, 12 Maart 1965. (Foto deur: Universal History Archive/Universal Images Group via Getty Images)





ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende verkry:

- Gettyimages, Universal History Archive
- <http://history.state.gov.berlin-crisis>
- <https://en.wikipedia.org>
- <http://www.archives.gov>
- <https://www.gettyimages.com/detail/news-photo/silva-porto-angola-soldiers-of-the-national-union-for-the-news-photo/515218940>
- <https://www.history.com/news/germany-divided-world-war-II>
- <https://open.uct.ac.za/beatstream/11427/7928/1/theses-hum-2002-john-n.pdf>
- Scielo.org.za
- South African Intervention in the Angolan Civil War, 1975–1976: Motivations and Implications. 2002 University of Cape Town p. 16
- Steury, DP, 'Bitter Measure: Intelligence and Action in the Berlin Crisis', 1961. bl. 1
- Stone, C., 'Civil Rights' Bloody Sunday', *National Geographic Society*, Februarie 2000.